Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

OVERSTRAND HET VAN BANK VERANDER

Voorkom onnodige ergernis: Maak seker jy deponeer jou betaling in die regte bankrekening.

Wetgewing verplig munisipaliteite om hul tenders vir banksake elke vyf jaar te hernu. Die tender vir Overstrand is onlangs aan Nedbank toegeken omdat dié bank aan alle tendervereistes, ingeslote bankgelde, voldoen het. Gevolglik is alle munisipale bankrekenings nou vanaf ABSA na Nedbank oorgeplaas.

Alhoewel die ou ABSA-rekening steeds vir 'n rukkie aktief gaan bly, doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op alle belastingbetalers om toe te sien dat hul betalingsbesonderhede vanaf die ou ABSA-rekening na die nuwe Nedbank-rekening verander word.

HIER IS OVERSTRAND SE NUWE UNIVERSELE BANKBESONDERHEDE

Nedbank
Tipe rekening: Lopend
Takkode: 198765
Tak: Inland Garden Route
SWIFT-kode: NEDSZAJJ

EN HIER IS DIE NOMMERS VAN DIE REKENINGS WAARHEEN BETALINGS GEMAAK MOET WORD

Maandelikse munisipale rekeninge: Nedbank-rekeningnommer 1190136899
Kliënte wat rekeninge via die internet betaal, word versoek om die besonderhede van hul begunstigdes dienooreenkomstig by te werk. Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van maandelikse munisipale rekeninge, en die betaling moet die 12-syfer-rekeningnommer as verwysing weerspieël.

Verkeersboetes: Nedbank-rekeningnommer 1190137186
Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van verkeersboetes wat deur Munisipaliteit Overstrand uitgereik is, en die betaling moet die 10- tot 16-syfer alfanumeriese verwysingsnommer weerspieël wat op die boete aangetoon word. Let asseblief daarop dat die "/" nie by die verwysingsnommer ingesluit moet word nie.

Overstrand- primêre rekening: Nedbank-rekeningnommer 1190136678
Hierdie rekening is vir die betaling van gelde verwant aan die hernuwing van lisensies, bouplanne, nuwe water- en elektrisiteitsaansluitings, gebruik van skeepshellings, stadsbeplanning, ens. Kliënte word versoek om 'n verwysingsnommer by die munisipaliteit te kry alvorens geld in gevalle soos hierdie gedeponeer word.

Onrus-karavaanpark: Nedbank-rekeningnommer 1190137674:
Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van kampeergelde vir die Onrus-karavaanpark en die betaling se verwysingsnommer moet die besprekingsnommer insluit.

EN SÊ NOU JY HET GELD NA DIE VERKEERDE (OU) BANKREKENING OORGEPLAAS? As jy per ongeluk 'n betaling aan die verkeerde ontvangsbank (ou ABSA-rekening) gemaak het, verwittig die munisipaliteit se kliëntedienste by enquiries@overstrand.gov.za so gou as moontlik. Onthou om alle tersaaklike inligting te verstrek, insluitende jou rekeningnommer en kontakbesonderhede.

AITSA, KYK SO 'N SOKKIE!

Nuutste uitvindsel wat keer dat opdrifsels in waterweë beland, tans in Overstrand getoets

In vennootskap met die Dyer-eilandbewaringstrust het Overstrand se afdeling omgewingsbestuursdienste onlangs die eerste stormwaterfiltreerkous in Gansbaai aangebring.

Hierdie kous wat van net gemaak is, word oor die bek van stormwaterafvoerpype aangebring in 'n poging om enige rommel en opdrifsels (veral plastiek) "te vang" voordat dit ná swaar reënbuie in die see beland.

Indien suksesvol, is die munisipaliteit van voorneme om hierdie maatreël in te span om te verhoed dat daardie items waarmee mense so goedsmoeds wegdoen ons oseane, riviere en riviermondings besoedel.

Met die hulp van verteenwoordigers van die Dyer-eilandbewaringstrust het munisipale werkers onlangs die eerste stormwaterfiltreerkous onder toesig van omgewingsbeampte Benjamin Kondokter aangebring.

Nuwe tariewe en reëls geld voortaan vir wegdoening by Karwyderskraal

Die Overberg-distriksmunisipaliteit (ODM), wat seggenskap het oor die Karwyderskraal-stortingsterrein en dit bedryf, het onlangs afgekondig dat nuwe tariewe en reëls met ingang 1 Julie 2019 vir gebruik van hierdie fasiliteit geld.

Inwoners van Overstrand wat van hierdie terrein gebruik maak om met bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval weg te doen, moet asseblief ag slaan op die volgende.

Verpligte registrasie

Om gebruik te kan maak van die Karwyderskraal-stortingsterrein moet inwoners, kontrakteurs of enigeen wat bourommel, (gesnipperde tuinafval) of enige vorm van huishoudelike afval na die terrein vervoer eers as 'n gebruiker van die terrein by die Overberg-distriksmunisipaliteit registreer. Nalating om aan hierdie vereiste te voldoen, kan daartoe lei dat storting geweier word.

Kortom, as jou naam nie by die databasis ingesluit is nie, sal jy nie toegelaat word om enige afval te stort nie - selfs nie ten tyde van jou eerste besoek aan die terrein nie.

Registrasievorms kan bekom word deur Ingrid Marti te kontak by imarti@odm.org.za en is ook beskikbaar by Karwyderskraal se weegbrugkantore.

Tuinafval

Tensy versnipper, sal tuinafval nie aanvaar word nie. Daar moet eerder met afval van hierdie aard weggedoen word by die oorlaaistasies in Hermanus, Gansbaai en Kleinmond aangesien al hierdie stasies toegerus is om tuinafval te versnipper.

'n Voorbeeld van skoon bourommel…

Bourommel

Met ingang 1 Julie 2019 sal bourommel geklassifiseer word as óf "gesorteer/skoon" óf as "ongesorteer/bederf" en die tariewe om met hierdie rommel weg te doen, sal dienooreenkomstig aangepas word.

en só lyk bomaat-bourommel

■ ONGESORTEERDE/BEDERFDE BOUROMMEL kom daarop neer dat die rommel gemiddeld stukke bevat wat groter as 'n baksteen is, nie gesorteer is nie - met ander woorde stukke plank, sementsakke, algemene afval en dergelike items bevat - en waarskynlik afkomstig is van 'n konstruksie- of slopingsperseel.

■ SKOON BOUROMMEL daarenteen beteken dat die vrag waarmee weggedoen moet word, skoon is en geen stukke bevat wat groter as 'n baksteen is nie.

Wegdoeningstariewe

Vanaf 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 geld die volgende tariewe (BTW uitgesluit) vir wegdoening by die Karwyderskraal-stortingsterrein:

Beskrywing	Tarief per ton, of deel daarvan
Bedekkingsmateriaal en skoon bourommel wat geen stukke groter as 'n baksteen bevat nie	Gratis
Bomaat-skoon bourommel (enige vrag groter as 'n baksteen)	R100.00
Gemengde, bedorwe of ongesorteerde bourommel (bevat hout, papier, staal, ens.)	R220.00
Huishoudelike afval	R217.45

Operasionele Ure

Die Karwyderskraal-stortingsterrein is toeganklik tussen 08:00 en 17:00 vanaf Maandag tot Vrydag. Die terrein is gesluit oor naweke maar mag dalk toeganklik wees op openbare vakansiedae indien daardie dag 'n weeksdag is.

Navrae

Indien u enige vrae oor die voormelde het, tree asseblief in verbinding met Craig Mitchell, Overstrand se bestuurder: vasteafvalbeplanning, by 028 313 5045 of rig 'n e-pos aan cmitchell@overstrand.gov.za of enquiries@overstrand.gov.za.

GAAN SÓ TE WERK OM 'N FOUT OF NOODGEVAL TE RAPPORTEER

Sodat ons vinnig en doeltreffend op foute en noodgevalle kan reageer, doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op alle inwoners om streng by die volgende stappe te hou:

- **Stap 1:** Bel die skakelbord/kliëntedienskantoor gedurende kantoorure, of die 24-uur-beheerkamer in 'n noodgeval ná ure.
- **Stap 2:** Meld die klagte/probleem aan en onthou om alle nodige inligting te verstrek.
- **Stap 3:** Dring aan op 'n verwysingsnommer en maak 'n aantekening daarvan of, in die geval van 'n probleem met infrastruktuur, skryf die nommer neer van die werkopdrag wat uitgereik word.
- **Stap 4:** Volg op indien nodig deur na die nommer, soos hierbo vermeld, te verwys.

In die besonder moet daar in gevalle waar probleme met munisipale infrastruktuur ontstaan (gebarste waterpype, gesteelde of vernielde elektriese kabels of watermeters, stukkende straatligte, ens.) nie goedsmoeds aanvaar word dat iemand anders reeds gebel het nie. Maak asseblief seker dat die probleem inderwaarheid gerapporteer is.

HIER IS DIE NOMMERS WAT JY MOET SKAKEL:

Overstrand se skakelbord
- 028 313 8000 vir algemene navrae (munisipale rekeninge, vordering met goedkeuring van bouplanne, ens.)

Kliëntedienskantore
- Gansbaai-administrasie 028 384 8300 of 8328
- Hermanusadministrasie 028 313 8196 of 8090
- Kleinmondadministrasie 028 271 8400 of 8435
- Stanfordadministrasie 028 341 8500 of 8516

24-uur-beheerkamer
- 028 313 8111 (vir munisipale infrastruktuur noodgevalle - gebarste waterpype, straatligte was nie brand nie, gesteelde elektriese kabels, ens)

Brandweer- en reddingsdienste
- 028 312 2400 in geval van 'n brand, oorstroming of 'n noodroep

Wetstoepassing
- 028 313 8980 of naaste polisiekantoor vir alledaagse klagtes verwant aan wetstoepassing

HOE NOU GEMAAK?

Kap ons die verbrande boskasie uit, of moet ons dit laat staan?



Gegewe die verwoestende brande wat ons in die loop van Januarie 2019 ervaar het, gaan elke persoon wat daardeur geraak is waarskynlik voortaan sy eie konnotasie aan die eerste tekens van 'n rokie of die gloed van 'n vuur heg. Nietemin, ongeag hoe vernietigend die brande in ons gemeenskap was, moet ons in gedagte hou dat dit steeds een van die beste maniere is om biodiversiteit te bewaar en om van brandbare materiaal ontslae te raak. Ongeveer 70% van die ekosisteme oral in Suid-Afrika is aangepas om brande te oorleef. Om die waarheid te sê, hulle móét brand om hul ekologiese integriteit te behou. Te danke aan menslike aktiwiteite moet brande deesdae egter op só 'n wyse bestuur word dat dit nie inmeng met die gebruik van of tipe grond nie. Nogtans moet natuurlike prosesse en patrone deurgaans sover as moontlik gehandhaaf word.

Dit ter syde, as hulle behoorlik bestuur en beheer word, kan brande tot voordeel van ons ongerepte areas strek. Om die waarheid te sê, verskeie spesies is van brande afhanklik vir hul oorlewing. Brande roei laaggroeiende ruigtes uit en sorg dat geen planteoorblyfsels op die grond opgaar nie. Sodoende word die grond aan sonlig blootgestel en gevoed en kan gevestigde plantegroei floreer omdat hulle nie meer vir voedingstowwe hoef mee te ding nie.

Hierbo is 'n foto wat in Junie 2019 in Franskraal geneem is waar lede van die gemeenskap plante wat in die Januarie 2019-brand verwoes is, afgekap het. Ons doen 'n beroep op alle inwoners oral in Overstrand om hulle van sulke optrede te weerhou. Julle optrede kan dalk groter skade vir die rehabilitering van die veld inhou as wat julle kon voorsien. Kontak Overstrand se afdeling omgewingsbestuursdienste by 028 316 3724 of 028 313 8000 vir leiding oor hoe om op 'n verantwoordelike wyse hierdie probleem die hoof te bied of rig 'n e-pos aan die senior omgewingsbestuurder, Liezl de Villiers, by ldevilliers@overstrand.gov.za of enquiries@overstrand.gov.za om raad te vra.

Moenie hierdie uitvoering misloop nie!

Overstrand se musiekliefhebbers sal bly wees om te hoor dat die KONSERTPIANIS JAN HUGO, tans woonagtig in Frankryk, later vanjaar sy geboorteland, Suid-Afrika, gaan besoek. OVERSTRAND ARTS/KUNSTE is veral ingenome dat hierdie virtuoos ingestem het tot 'n klavieruitvoering op Sondagmiddag, 22 September, om 15:30 in Hermanus se Burgersentrum. *Bespreek nou reeds jou kaartjie by die toerismekantoor in Mitchellstraat, Hermanus (tel. 028 312 2629). Vir meer inligting, skakel René du Plooy by 082 940 4238.*

Geringe veranderinkies aan watergebruik kan *'n groot verskil maak!*

Om water te bespaar, moet ons verder dink as bloot die water wat ons regstreeks vir kook- en skoonmaakdoeleindes in ons huise gebruik. Ons moet ook meer bedag wees op hoe water gebruik word om die kos wat ons eet en die produkte wat ons gebruik, te vervaardig en hoe dit gebruik word om die krag op te wek wat ons vir beligting en verhitting nodig het.

Een van die beste manier om te verhoed dat jou huishouding ekstra water gebruik, is om gryswater te herbenut.

WAT IS GRYSWATER?

Gryswater word omskryf as onbehandelde huishoudelike afvalwater wat nie aan rioolvuil blootgestel is nie.

Gryswater kom van baddens, storte en handwasbakke. Wasgoedwater komende van wasmasjiene kan ook herbruik word mits omgewingsvriendelike wasmiddels gebruik word.

Gryswater komende van die kombuis en skottelgoedwasser moet nie herbruik word nie omdat hierdie water dalk skadelik vir plante kan wees weens die hoë ladings organiese materiaal, vette, olies en bytmiddels wat dit bevat.

Na gelang van die bron kan gryswater die volgende bevat: bakterie, patogene, organiese materiaal, olie, ghries, seep, wasmiddels, plaagdoders, grond, lint, natrium, nitrate, fosfate en bleikmiddels sowel as hare en huiddeeltjies. Dit kan ook hoë sout/pH-vlakke hê.

Water komende van toilette word as swartwater beskou en moet nie herbruik word nie.

KAN GRYSWATER VIR ALLE SOORTE PLANTE GEBRUIK WORD?

Gryswater kan vir bykans alle soorte plante gebruik word. Enigiets van die grasperk tot die groente sal by gryswater baat aangesien dit voedingstowwe bevat. Gryswater met 'n hoë fosfaatvlak moet egter in fynbostuine vermy word, en onthou ook om altyd jou groente te was voordat jy dit gebruik.

GAAN DIE SEEP IN GRYSWATER NIE SKADELIK VIR PLANTE WEES NIE?

Nie alle seep is skadelik nie. Om die waarheid te sê, seep van 'n goeie gehalte is goed vir die tuin. Slegs seep en seeppoeiers met 'n hoë fosfaatvlak behoort vermy te word. Plante het fosfaat nodig om te groei, maar 'n oormaat kan op die lange duur nadeling wees.

Die meeste nuwe seeppoeiers en bio-afbreekbare sepe sal nie skadelik vir jou plante wees nie, maar probeer verhoed dat bleikmiddels en skadelike wasmiddels in jou gryswatertenk beland.

STELSELS VIR DIE HERBRUIK VAN GRYSWATER

Gryswater verskil van vars water en noodsaak 'n geheel en al nuwe stel riglyne om die veilige herbruik daarvan te verseker. Hier is 'n paar riglyne waarop jy ag behoort te slaan:

1. Moenie gryswater vir langer as 24 uur berg nie:
   - As jy gryswater opgaar, gaan die voedingstowwe wat daarin bevat word begin ontbind, wat onaangename reuke tot gevolg kan hê.
2. Moenie toelaat dat gryswater opdam of afloop nie:
   - Eerstens moet daar verhoed word dat mense en diere met gryswater in kontak kom. Ten tweede, as gryswater toegelaat word om op te dam, sal dit broeiplekke vir muskiete skep.
   - Derhalwe moet gryswaterstelsels só ontwerp word dat die water toegelaat word om weg te sink in die grond/dit binne te dring sonder dat dit opdam of afloop.
3. Moenie water herbruik waarin doeke gewas is nie.
4. As 'n lid van jou gesin ongesteld is, moenie gryswater gebruik nie.
5. Hou jou gryswaterstelsel so eenvoudig as moontlik:
   - Eenvoudige stelsels hou langer, hoef nie deurentyd in stand gehou te word nie, gebruik minder energie en kos minder.
6. Bring 'n klep aan sodat jy moeiteloos van die gryswaterstelsel na die riool/septiese tenk kan verwissel.

Let ook daarop dat verbruikers gryswater geheel en al op hulle eie risiko gebruik. Munisipaliteit Overstrand kan nie aanspreeklik gehou word vir enige gevolglike skade of verlies wat regstreeks of onregstreeks uit die gebruik daarvan voortspruit nie.